## 4.1
## INTERNET DIENSTE

**Bestek: Die beleid verskaf die riglyne vir toegang tot die internet.**

**Beleid:**

'n Amptelike en volledige dokument en beleidstuk t.o.v. die riglyne vir toegang tot die Internet is beskikbaar by Informasietegnologie of op die www-tuisblad onder *IT DIENSTE EN FASILITEITE.*

### TOEGANG TOT DIE INTERNET VIR PERSONEELLEDE

Die Universiteit maak tans gebruik van UUNet Internet Africa (bv. Web- en FTP-dienste) as diensverskaffer vir Internetgebruik en dit is slegs toeganklik vir gebruikers wat vir hierdie Internetdiens registreer. Sien die webbladsy van IT vir volledige besonderhede.

### TOEGANG TOT DIE INTERNET VIR STUDENTE

- Studente kan met hul studentekaart by die RGA's vir Internettoegang registreer. Die registrasiekoste van R100 per jaar word dan outomaties teen die student se rekening gedebiteer.

- Die Internetgebruiksheffing word outomaties aan die einde van elke maand teen die student se rekening gedebiteer.

- Toegang tot die Internet kan verkry word vanaf rekenaars uit koshuiskamers wat gekoppel is aan die Universiteitsnetwerk, aangewysde rekenaars in die RGA's en die aantal rekenaars wat in die JS Gericke-biblioteek gekoppel is.

**Kontak afdeling:**
Informasietegnologie